# GEWERE EN GROOT DAE

Nee, ’n mens gaan nie weermag toe om rond te hol, eksotiese  kossoorte te eet en geboue te skrop nie. Ek gee toe dat dit allerdikwels nie so lyk nie, maar die jongman is weermag toe om te leer om oorlog te maak. Daarvoor het hy wapens nodig. Lank gelede was ’n groot klip of ’n stok met ’n skerp punt goed genoeg. In ’n proses wat nou al so vyf eeue aangaan, het ’n lang rits uitvinders met die geweer vorendag gekom en word dié ding nou nog verfyn. Sedert sy verskyning is die geweer nog nooit as standaardwapen vervang nie.

Ek weet, ek weet. Ons het deesdae wildewoeste krygstuig. Van kernwapens tot lasergeleidingstelsels, tot “slim” bomme wat die nommertweesilinder uit ’n reguitses kan skiet sonder dat die ander vyf ’n kragslag mis. Tog word oorloë selfs vandag beklink met die goeie ou geweer.

So, daar kom ’n dag in elke troep se lewe wat ’n geweer aan hom uitgereik word. Dit word beskou as ’n Groot Dag, die soort geleentheid waarvan elke Afrikanerseun vanaf sy postfopspeendae dae droom. Wanneer hierdie geweer aan hom oorhandig word is dit asof die ganse gemeenskap sy hand op die lid se skouer sit en sê: “’Raait, van nou af vertrou ons jou om die babas, die vroue, die oues en die lamlendiges teen die verraderlikes te beskerm.” Hierdie man word nou as ’n soldaat beskou. Met reg ook, want as hy eers opgelei is in die voortreflikhede van sy geweer behoort hy sy man te kan

staan teen die gemiddelde halftonguerilla wat teen hom sou kom met ’n groot klip of ’n skerpgemaakte stok.

Die weermag het egter, na my mening, die seremoniële potensiaal van hierdie oorhandiging heeltemal misgekyk.

In my verbeelding het ek die Groot Oomblik baie anders voorgestel. Ek het in my geestesoog hierdie klein verhogie gesien in die middel van ’n paradegrond. Die hoof van die leër en ander belangrikes sou daarop wees. Wanneer my naam uitgelees word, bestyg ek die platform waar die generaal met my geweer in sy hand op my wag. ’n Ferm handdruk tussen ons twee manne wat weet waaroor alles gaan. Die generaal kyk my in die oog terwyl hy my geweer in my ander hand druk..

“Hier is jou geweer, Venter. Kyk mooi na hom en hy sal mooi na jou kyk. Gaan nou en beveg die goddeloses.” En ek vat my geweer in die hand, voel die verbete gewig daarvan. Ek tuur oor die vlaktes, ’n nuwe vasberadenheid in my. “Fidel,” sê ek in my gedagtes. “Dit is tyd vir ’n laaste sigaar. Hier kom ons, ek en my geweer. Ons kom jou roer, ek en my roer.”

Jy’s reg. Dit is nie hoe dit gewerk het nie. Ons is doodgewoon aangejaag na die wapenstoor toe. Daar het ons in ’n lang ry, in alfabetiese volgorde, by ’n toonbank verbygeskuur. Agter hierdie toonbank was ’n korporaal en twee oumantroepe. Die een troep het jou naam, en daarna ’n nommer wat die ander troep van ’n geweer afgelees het, neergeskryf.

Dit is ’n eenvoudige proses maar die Weermag het ’n onverbeterlike vermoë om selfs die eenvoudigste proses te kompliseer. Sekere troepe het ook nie gehelp om alles glad en effektief te hou nie. Hulle kon selfs iets so elementêr soos die neerskryf van name buite perke kompliseer. Ek moet

nog ’n klerk in dergelike situasie ontmoet wat behoorlik kan spel. Dinge is soort van hanteerbaar as jou naam Jan is en jou van Nel. Enige iets meer indrukwekkend kan tot die ergste verwarring lei.

Nie dat Kleinboet se soort gehelp het nie. Sy tweede naam begin met ’n “S”. Niks ingewikkeld nie. Totdat hy dit vir die weermag se onthalwe verander het. Die gesprek sou so iets geklink het:

“Van?”

“Venter.”

“Voorname?”

“Gustav Stradiwarjonawietszj.”

“Wat!”

“Gustav.”

“Ja idioot. Ek het daai stukkie.”

“Maar dit word met ’n “v” en nie ’n “f” gespel nie”

Die aanstootlike letter word uitgekrap en vervang.

“Nou wat sê jy is jou tweede naam?”

“Stradiwarjonawietszj.”

“Spel!”

“S-t-r-a-d-i-w-a-r-j-o-n-a-w-i-e-t-s-z-j.” rammel Kleinboet af.

“Wat?”

“Stra-di-war-jo-na-wietszj.”, breek Kleinboet hulpvaardig in lettergrepe op. Die korporaal skryf so goed as wat hy kan.

“Met ’n “s”.” help Kleinboet weer.

“Maar ek het dit met ’n “s” geskryf.”

“Nie aan die begin nie, aan die einde.”

’n “S” word aangelas.

“Nie daar nie, by die “j”.”

“Watter “j”?”

"Die agterste een."

"Hierso?"

"Nee, net na die "t" voor die "z"."

So gaan hulle aan. Kleinboet se rekord was net so vlak van 'n driekwartier waarmee hy 'n klerk besig gehou het om 'n naam te spel wat nie bestaan nie.

"Die merkwaardige is," sê hy, "dat hulle my nooit gevra het om die naam vir hulle neer te skryf nie."

Wanneer hulle sulke majestueuse struikelblokke oorleef het as om jou naam neer te skryf, word jou roer oorhandig - sonder seremonie en sonder enige ooglopende begrip vir die gravitas van die oomblik.

Jy besef onmiddellik, hierdie geweer is… nat... dis glibberig. Dis reg. Ten spyte van die uitgebreide oksidasietoetse wat ons teenstaanders op die AK47 uitgevoer het, was die S.A.W. van mening dat dit beter is as hulle eie gewere nie roes nie. So om te keer dat dit gebeur word hulle in dromme olie gestoor. Is dit nie baie moeilik om olie uit elke gaatjie en gleufie van hierdie wapen te kry nie, sal 'n mens wonder. Jy weet dan! Dit is amper onmoontlik, maar wat voel hulle? Die troepe gaan dit mos doen, en as jy net lank genoeg en hard genoeg op 'n troep skree, kan jy aangenaam verras wees deur alles wat hy kan doen.

Derhalwe was die troep se aanvanklike kennismaking met sy geweer iets minder as algeheel dramaties. Daardie aand bring jy deur met lappe en oorpluisies en draadjies in 'n koorsige poging om jou geweer betyds olievry te kry vir die volgende oggend se inspeksie. Oënskynlik trek die olie in die staal self in, en maak nie saak hoe hard jy skrop en vee en poets nie, agterna is daar nog steeds 'n vetlagie op die metaal. En daarvoor, natuurlik, sal jy hardloop.

Vir die volgende paar weke leer jy elke werkende deel van die geweer uit jou kop uit ken sodat jy dit kan aframmel - spangreep, romp, rompdeksel, gassuier, gaskamer, voorste greep, handgreep, voorste visier en so aan, en so meer. Jy leer hoe om hierdie kleingeskut uitmekaar te haal en aanmekaar te sit.

Jy leer ook weldra wat die weermag as die ware nut van jou geweer beskou: Om daarmee te hardloop.

Dit is welbekend dat ’n R1 se massa voor ’n 2,4 kilometer padtoets 4,5 kilogram is. Aan die einde daarvan weeg die ding 45 kilogram. Die manne hou baie daarvan om jou met die ding te laat hardloop. Sonder ’n geweerband. Naderhand is dit moeilik om te weet hoe om die ding vas te hou. Jy probeer hom soos ’n skooltas in jou een hand te dra, of soos ’n baba in die waai van jou arm of oor jou skouer. Maak nie verskil nie, die ding word al hoe swaarder en al hoe ongemakliker. En as jy die dag ligte diens is en nie mag hardloop nie, reël hulle dat jy jou geweer horisontaal voor jou hou met gestrekte arms totdat dit voel of jou elmboë verkrummel.

Jou geweer mag nie rondlê nie. Dit is ’n onvergeeflike sonde op dieselfde vlak as hoogverraad of applous vir die All Blacks. Veral nie as jy in die operasionele gebied is nie. Daar sleep jy jou geweer orals soos ’n familieskandaal saam. Meeste lede sal weet hoe dit voel om in ’n skielike paniek te verval omdat jy vir ’n oomblik nie weet waar die ding is nie… net om te besef jy is by die huis op pas.

Later breek die volgende Groot Dag tog aan. Die troepe gaan skiet! En omdat die troepe gaan skiet word daar gehardloop. Vir die gemiddelde leuenstoelfilosoof kan dit op die oog af lyk asof hardloop en skiet nie verwante aksies is nie. Die een mens behoort immers te skiet en die ou aan die

ander kant moet hardloop. As jy 'n geweer het moet hulle jou leer skiet en as jy nie een het nie, moet hulle jou leer hardloop. Die weermag dink (uiteraard) nie so hieroor nie. Skiet is vir die latte belangrik maar hardloop is nog belangriker. Die weermag is skoon behep met hardloop.

Dit is nou rondom hierdie oënskynlike teenstelling wat ek 'n belangrike waarneming gemaak het: Daar is in hoofsaak twee soorte soldate - dié wat kan skiet en dié wat kan hardloop. Natuurlik is daar uitsonderinge. Daar is heelwat lede wat nie kan hardloop óf skiet nie. En daar is dié wat goed kan hardloop én goed kan skiet maar hulle is baie skaars.

Instrukteurs is uit die aard van hulle wese nie mense wat maklik opgee nie, maar kyk, daar is van hulle wat die hande en die lug gooi en sê hierdie of daardie lat kan nie geleer word om te skiet nie. Dit is net nie in die gene nie. Hierdie selfde instrukteurs het egter 'n onuitwisbare geloof dat hulle met genoeg toewyding, konsentrasie en deursettingsvermoë enige lat in 'n Bruce Fordyce kan verander - or *they shall die trying* (dis nou die troepe, nie die instrukteurs nie). Hou in gedagte dat korporaals gekeur is vir hulle vermoë om te kan hardloop. Daarom is die meeste van hulle se skietkuns medium tot morsig vrot. Maar vir hulle is daar geen mooier gesig as 'n bondel troepe wat iewers (of nêrens) heen nael nie.

So jy hardloop. Jou dag begin amptelik wanneer jy menasie toe hardloop. (Die strafsessie se hardlopery tussen 05h00 se ongeoorloofde inspeksie en ontbyt is nie-amptelik.) By die menasie word jy gevoer waarna hulle verwag dat jy vir jou ete moet betaal. Dit is die rede vir die genaelery terug na die kaserne, en daarna paradegrond toe. Daar dril jy tot teetyd wat 10h00 aanbreek. Moet net nie dink dril is sommer net dril nie. 80% daarvan is soleklap in 'n stywe draffie om

die salueerbasis. Hulle sê vir my die paradegrond by die Leërgimnasium is die grootste in die suidelike halfronde. Ek glo dit, ek glo dit. Ek het baie daar gehardloop, maar ek kan steeds nie dril nie. Na teetyd is dit tyd vir L.O. Dan hardloop jy op die rugbyveld. Na etenstyd (wanneer jy natuurlik menasie toe en terug gehol het) is dit tyd vir veldkuns. Veldkuns verskil van L.O. daarin dat jy dié slag in die veld rondhardloop. Dikwels maak hulle jou in die nag wakker sodat jy om die kaserne kan hardloop. Jy glo dit miskien nie, maar Sondae hardloop jy selfs kerk toe.

Terug by die skietbaan en die Groot Dag. Ons het daarheen gehardloop (wat anders?) en net om seker te maak jy vergeet nie jou primêre bestaansrede nie, hardloop jy op en af op die skietbaan. Wanneer die manne tevrede is dat jy g’n asem meer oor het nie, wil hulle hê jy moet jou asem inhou as jy die sneller trek. So word jy ’n provinsiale skut - ’n skoot in elke provinsie, en dit... dit krap aan die Afrikanerpsige.

Ons Boere kom ’n lang pad met ons roere. Met die draai van die eeu was ons besig om die Britte militêre maniere met ons 7-mil Mausers te leer. Dit het sleg gegaan met die Ingelse. Ons dag toe by onsself dat daar nie genoeg rede is om so ongasvry te wees nie. Daar’s genoeg plek vir ons almal in hierdie land. Ons nooi hulle toe om hier in te trek. Nie dat ons baie gehad het om te deel nie, want die beste deel van ons plek is toe mos min of meer afgebrand (die Britte kon blykbaar nie goed genoeg skiet òf hardloop nie maar kon darem ’n stilstaande mielieland afgebrand kry.) Die Ingelse ken ’n goeie ding as hulle hom sien, en toe dit tyd word dat hulle oorlog teen die Duitsers moet maak, vra hulle of ons nie saam met hulle wil kom skiet in een amie nie. Ons is toe nou al ordentlik uitgehonger vir ’n behoorlike stukkie skietery en

sê: "'Raait, maar julle gee die gewere." Dié dat ons toe .303 Lee Enfields kry. Twee wêreldoorloë later het ons die goed toe nog.

In die sestigerjare dink ons ringkoppe dit goed om ons met nuwe gewere toe te rus. Die geweer van hulle keuse is toe die Belgiese FN FAL in 7,62 NATO, wat net wys dat óns ook 'n goeie ding ken as ons hom sien. Ons maak toe ons eie FN en noem hom die R1. Hierdie is 'n voortreflike wapen. Een van die beste van sy soort, met militêr gesproke 'n swaar kaliber wat akkuraat is oor 'n groot afstand. Ons Boere skiet te lekker met die ding. Alles goed en wel, maar… die Engelse... Ons het toe mos van die goed saam met ons in die weermag. Ek het al Engelse gesien wat baie goed kan skiet, maar hulle is so skaars soos 'n Afrikanersokkeronderst euner. 'n Grootkalibergeweer is duidelik nie die gemiddelde Engelse troep se wapen van keuse nie.

Gee die weermag wat hom toekom, dit het hulle skaars twintig jaar gevat om dit agter te kom en iets daaromtrent te doen. Daarom skakel die weermag toe oor na die R4 wat 'n veel ligter rondte, 5,56 NATO gebruik. Nou kan die Engelse baie meer ammunisie gebruik. Dis beter om die lat aan die ander kant met 'n klein rondte te tref as om hom met 'n grote te mis. Hierdie taktiek staan tereg (en heel gepas in Engels) bekend as "spray 'n' pray". Dit is veelseggend dat daar nie 'n Afrikaanse weergawe van dié gesegde bestaan nie.

Ons eenheid is uitgereik met die R1. 'n Goeie roer, soos ek sê, maar dis 'n gespierde kaliber en as jy nog nooit in jou lewe agter die dik kant van 'n roer gelê het nie is daardie eerste skoot 'n ervaring van skok en trauma. Party manne kom nooit daaroor nie. Is hierdie ding dan nie gemaak om die ouens aan die ander kant seer te maak nie? Van daardie dag af

bekruip hulle die sneller deurgaans met toe oë.

Vir dié van julle wat nooit saam met die S.A.W. geskiet het nie - en natuurlik vir julle wat daar was maar vergeet het - die volgende inligting: Daar is gewoonlik meer skuts as wat daar skietpunte is (die skietpunt is daardie plekke waar jy vanaf skiet, parra). Afhangende van die getal skietpunte en troepe is daar so tien tot twaalf manne wat op ’n slag skiet. Jy noem dit ’n aflossing.

Wanneer jy reken jou geweer is leeg geskiet, bly jy lê terwyl jy jou regterbeen van die knie af agtertoe oplig.

Teen die tyd wat al die skuts se regterbene (en natuurlik ’n paar linkerbene - hierdie is die amie onthou) in die lug is, loop ’n korporaal van die een kant na die ander agter hulle verby om seker te maak die kamers van die roere is leeg. As hy agter jou verbykom verklaar jy: “Wapen en magasyn leeg, Korporaal!”

Sodra hy seker is al die wapens is leeg, gee die baanoffisier die bevel: “Inspekteer teikens!” Almal spring dan op en hardloop vorentoe om te sien hoe mis hulle geskiet het.

In ons seksie was ’n man aan wie ons die (skuil-)naam Du Plooy toedeel. Kom ons sê maar almal het hom Doepie genoem. Wat anders? Hierdie was in wese ’n goeie ou - wat niks reg kon doen nie. Hoe harder hy probeer het, hoe meer moeilikheid het hy gemaak. Daar is een of meer so ’n lid in elke seksie. Dit is weermagbeleid. Net so is dit ’n natuurreël dat hierdie ’n minsame soort moet wees. Almal was mal oor hom. Behalwe sersant Gertjie. Hy was mal as gevolg van hom.

Gertjie en Doepie was nie ’n suksesvolle vermenging nie. Waar Gertjie by was, het Doepie se senuwees hom meer foute laat maak, en hoe meer foute Doepie gemaak het, hoe

onstuimiger het Gertjie geword en hoe meer foute het Doepie gemaak. Baie van hulle, en ernstiges. Toe die bevel kom om na die teikens te gaan kyk, het ou Gertjie reeds begin loop. Onthou, ons hardloop en die man moet mos ’n voorsprong kry. Hy het so agt treë geloop toe ’n skoot die bloue lug met ’n donderslag oopskeur.

Jy kan my nou vra waar die rondte vandaan gekom het, maar ek weet tot vandag toe nie. Die hartseer waarheid is dat dit nie die duiwel is wat ’n geweer laai nie; ouens kyk net nie mooi nie (ons sal later Newton se wet in die verband noukeuriger ondersoek.) Toe die skoot knal, knak Gertjie se bene soos ’n man wat skielik ’n swaar las op die skouers gekry het. Hy draai stadig om en daar is ’n agterdogwekkende nat kol op sy broek. Hy kry net een woord uit: “Du Plooy!”

Doepie? Maar natuurlik. Gertjie herwin die gawe van spraak. “Nou kry jouself agter daardie skietwal en skiet daai vrot... (as gevolg van die aard van my beroep kan ek nie die presiese woorde herhaal nie, en dus parafraseer ek maar)... skiet daai vrot lyf van jou dood!” gil die man.

Nou ja, as jy ’n rower is, minag jy nie die bevele van ’n tydelik versteurde onderoffisier nie. Doepie onttrek homself van die toneel teen so ’n verslae drafpassie en sy staaldak wip-wip verwese op sy kop. Stilte en spanning.

Die oorblywendes weet nie wat om te maak nie. Gertjie ook nie. Hy probeer ongeërg lyk, maar dit is nie vir ’n oorspanne sersant maklik nie. Hy weet alte goed dat ’n mens enige iets van ’n troep kan verwag. Miskien het hy die beveel oorhaastig en onnadenkend gegee, maar ’n man kan homself nie verraai deur dit goedsmoeds terug te trek nie. Iemand kug verbouereerd. Stilte. Alle oë dwaal onrustig na die skietwal, dan na Gertjie en dan terug skietwal toe. Sê nou net, sê nou

net Doepie… Die skoot knal en ’n eensame staaldak spat grasieus die bleekblou lug in. Vir ’n oomblik bewonder ons die verandering wat oor ou Gertjie gekom het, want die witgeit val onder sy beret uit, oor sy gesig en tot by sy hemp in. Toe laat vat ons vir die skietwal.

Onder staan Doepie styf op aandag: “Sorry Sarge, dit was mis. Het jy nog ammo?”

*Die son het al gesak, toe hardloop Seinman (Ds.) C.S. du Plooy, B.A., B.D., Nagraadse Dipl. Teologie, nog op die skietbaan met ’n vol ammunisiekis rond.*